# Paasfees Story Stones

## INSTRUKSIES:

Besluit voor die tyd HOE jy die klippies wil verf, bv. swart met wit op geteken, wit met swart op geteken. Jy kan selfs prentjies print en jou kinders dit laat opplak, dis egter belangrik om voor die tyd op al hierdie goed te besluit.

Jy kan hierdie hele aktiwiteit op een dag doen, of dit versprei oor ‘n aantal dae, dis ‘n baie veelsydige aktiwiteit om die kinders lekker besig te hou, maar hulle ter selfdertyd oor die betekenis van Paasfees te leer.

## 1. INLEIDING

Wie kan vir my sê wat ons een van die dae vier? Paasfees! Wie van julle weet waaroor Paasfees gaan?

Paasfees is ‘n BAIE belangrike fees vir kinders van die Here, want dan dink ons terug aan die groot en wonderlike plan wat God gemaak het, sodat die van ons wat ons lewens vir Jesus leef nie eendag hel toe hoef te gaan nie.

Dis net so ‘n belangrike fees vir mense wat nog nie hulle lewens vir Jesus gegee het nie, want hierdie naweek voel altyd soos ‘n ‘tweede kans’, nog ‘n keer wat jy dit kan doen – al kan jy dit ALTYD en op ENIGE plek doen!

## 2. DIE STORIE VAN PAASFEES:



### Die palmtakkie:

### 2.1 Op ’n donkie Jerusalem in – Matt 21:1-11

Jesus het vir twee van Sy dissipels gevra om twee donkies vir Hom in Jerusalem reg te kry. Dit het gebeur sodat dit wat die profeet gespreek het kon gebeur: “Sê vir Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe; Hy is nederig en Hy ry op ‘n donkie, op die vul van ‘n pakdier”.

Soos Jesus op die donkie gery het het mense klere en palmtakke op die grond gegooi en uitgeroep: “Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Loof Hom in die hoogste hemel!”

| |
|---|
| **Vraag:** Hoekom is hierdie deel van die Paas gebeure so belangrik?<br><br>**Antwoord**: Dit kom sê vir jou en my dat Jesus regtig die Here en Koning is, ook dat Hy nederig is en nie vol ‘fancy’ goed soos ander konings nie. Dieselfde goed maak nie vir Hom saak nie. |



### Die nagmaal

## 2.2 Die viering van die nagmaal – Matt 26:17-29

Jesus se dissipels het alles gaan regmaak om die paasmaaltyd saam met Hom te eet. Terwyl hulle besig was het Jesus gesê dat een van hulle Hom sou verraai – in die rug sou steek. Die dissipels was baie ontsteld hieroor gewees en wou weet wie dit was. Jesus het gesê dat dit die een was wat sy brood saam met Jesus in die skottel sou steek. Jesus het vir hulle gesê dat dit so geskrywe staan, maar dat dit beter vir daai man sou wees as hy nooit gebore sou wees nie. Judas het toe vir Jesus gevra of dit hy was, en Jesus het gesê dat dit so was.

Terwyl die ete aan die gang was, vat Jesus ’n stuk brood. Nadat Hy vir God dankie gesê het vir die brood, breek Hy dit in stukke en gee dit vir sy dissipels. “Vat dit en eet dit,” sê Hy. “Dit is my liggaam.” Toe vat Hy die beker met die wyn. Weer sê Hy vir God dankie daarvoor en gee dit vir sy dissipels om te drink. “Drink dit, almal van julle. Dit is my bloed wat gaan vloei. Dit beteken dat baie mense se sondes as gevolg daarvan vergewe sal word. Maar dit beteken ook dat baie mense in ’n nuwe verhouding tot God sal kan staan.

**Vraag:** Hoekom is die nagmaal so belangrik?

**Antwoord:** Wanneer ons dit gebruik dan onthou ons wat Jesus vir ons gedoen het, die prys wat Hy vir ons sondes betaal het.



### Jesus gaan bid

## 2.3 Jesus gaan bid – Matt 26:36-46

Hierna het is Jesus saam met sy dissipels Getsemane toe. Hy het vir sy dissipels gesê om daar vir Hom te wag terwyl Hy verder gegaan het om te gaan bid. Hy het vir drie van Sy dissipels saam met Hom geneem. Jesus het baie hartseer en benoud geword en vir die drie gevra om saam met

Hom te waak. Hy het ‘n entjie verder gegaan om te gaan bid. Hy het vir God gevra dat as dit moontlik is Hy die pad wat vir Hom voorlê nie hoef te loop nie. Maar dat God nie moet maak soos Hy wil, maar soos God wil. Toe Jesus terugkom by die drie dissipels wat saam met Hom moes waak het hulle aan die slaap geraak. Jesus het nog twee keer gaan bid, en elke keer wat Hy terugkom was die drie aan die slaap gewees. Toe Hy die laaste maal terugkom was Judas daar met die manne wat Hom gevange kom neem het.

**Vraag:** Hoekom was Jesus so benoud gewees dat Hy drie keer gaan bid het om te vra dat Hy nie die pad moes loop nie?

**Antwoord**: Jesus het presies geweet wat met Hom sou gebeur en hoe moeilik die pad sou wees.



**Jesus word gevange geneem**

## 2.4 Jesus word gevang – Matt 26:47-56

Saam met Judas was ‘n klomp mense met swaarde en stokke wat die kerkleiers na Jesus gestuur het. Judas het voor die tyd met die manne afgespreek dat hy Jesus met ‘n soen sou groet, sodat hulle kon weet wie Jesus was. Een van Jesus se dissipels het toe ‘n swaard uitgetrek en die slaaf van die hoëpriester se oor afgekap. Jesus het nie gehou van wat hy gedoen het nie, en vir hom gesê dat as Hy hulp nodig gehad het, God dit vir Hom sou gestuur het, maar dan sou dinge nie kon gebeur wat God voorspel het nie.Jesus het toe vir hulle gevra hoekom hulle so gewapend gekom het om Hom gevange te neem terwyl Hy hulle elke dag geleer het. Sy dissipels het toe gemaak dat hulle wegkom.

**Vraag**: Jesus het geweet WIE Hom sou verraai, maar hoe dink julle het Hy daaroor gevoel dat dit een van Sy eie dissipels was? Op watter maniere verraai ons ook vir Jesus?



**Die doringkroon**

## 5.5 Die doringkroon – Matt 27:27-31

Die goewerneur se soldate het Jesus in Pilatus se paleis ingevat en ’n klomp ander soldate geroep. Hulle pluk toe sy klere van Hom af en trek vir Hom pers klere aan. Hulle vleg ook ’n kroon van doringtakkies en druk dit op sy kop. In sy regterhand stop hulle ’n stok. Dit was kamma sy septer. Toe begin hulle met Hom gekskeer. Hulle buig voor Hom en sê spottend: “Goeiedag, U Edele, o koning van die Jode!” Hulle het Hom ook bespoeg en Hom met sy “septer” oor die kop geslaan. Nadat hulle hulle genoeg vermaak het met die spottery, het hulle die pers klere teruggevat en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Daarna het hulle die pad gevat na die plek toe waar hulle gewoonlik die mense gekruisig het.

| |
|---|
| **Vraag**: Hoe dink julle moes Jesus, die Seun van God, Koning van die hele aarde gevoel het toe die soldate Hom so gespot het? Hoe sou JY gevoel het as dit jy was? |



**Jesus word gekruisig**

## 5.6 Jesus word gekruisig – Matt 32-56

Jesus is toe na Golgota geneem waar hulle Hom gekruisig het. Die soldate het Jesus se klere onder mekaar verdeel deur lootjies te trek. Daarna het hulle naby die kruis gaan sit en wag. Bokant Jesus se kop was ’n nota vasgesit: “Dit is Jesus, die koning van die Jode.” Twee terroriste is ook saam met Hom gekruisig, een aan elke kant van Hom. Skielik word alles oor daardie hele gebied donker. Tussen twaalfuur en drie-uur was dit donker. Teen drie-uur skreeu Jesus hard: “Eli, Eli, lemá sabagtani?” oftewel: “My God, my God, waarom het U My alleen gelaat?” Net toe het die gordyn wat die vertrekke in die tempel verdeel het, middeldeur geskeur van bo na onder. Die aarde het gebewe en rotse het verkrummel. Grafte het oopgegaan en baie gelowige mense wat reeds begrawe was, het uit die grafte gekom. Hulle is Jerusalem in. Daar het baie mense hulle gesien.

Die offisier en die ander soldate wat daar by die kruis diens gedoen het, het hierdie aardbewing en al die ander dinge wat gebeur het, staan en bekyk. Dit het hulle baie bang gemaak. Hulle het besef dat Hy regtig die Seun van God was.

**Vraag**: Hoekom noem ons die Vrydag van die Paasnaweek "Goeie Vrydag", as Jesus gekruisig is? HOEKOM moes Jesus gekruisig word?

**Antwoord**: Ons noem dit Goeie Vrydag, omdat ONS nie meer die straf vir ons sondes hoef te dra nie, Jesus het die straf in ons plek gevat. Jesus is gekruisig vir ONS sondes.



**Die leë graf**

### 5.7 Jesus word begrawe – Matt 27:57-66

Dit het al laat begin word. 'n Ryk man, Josef van Arimatea, wat ook 'n volgeling van Jesus was, het daar aangekom. Hy het vir Pilatus die liggaam van Jesus gaan vra. Pilatus het beveel dat die liggaam vir hom gegee moes word.

Josef het die liggaam in skoon linnedoeke toegedraai en dit in 'n graf gaan begrawe. Die graf het aan hom behoort. Dit was 'n nuwe graf wat hy self in die rots laat uitkap het. Omdat die graf byna soos 'n grot was, het hy 'n groot rots voor die ingang gerol. Daarna is hy weg. Maria Magdalena en die ander Maria het egter voor die graf bly sit,

Die volgende dag, net na die voorbereidings vir die paasfees, is die Joodse leiers en die Fariseërs na Pilatus toe. "U Edele," het hulle gesê, "iets het ons intussen bygeval. Toe daardie bedrieër nog geleef het, het hy beweer dat hy na drie dae uit die dood opgewek sal word. Wees asseblief so vriendelik om opdrag te gee dat die graf drie dae lank goed opgepas word. Sy dissipels sal hom dan nie kan kom steel en die storie vir almal vertel dat hy uit die dood opgewek is nie. So 'n storie sal baie erger wees as die een dat hy opgewek gaan word!"

Pilatus sê vir hulle: "Nou maar goed; julle het julle wagte. Gaan pas die graf so goed op as wat julle kan." Hulle is toe daar weg om die graf te gaan oppas. Hulle het nie slegs die ingang met die klip toegemaak nie, maar ook wagte daar gelos.



**Jesus het opgestaan**

## 5.8 Hy is nie meer hier nie, Hy het opgestaan - Matt 28: 1-10

Die Sondagoggend vroeg, net toe dit begin lig word, is Maria Magdalena en die ander Maria af graf toe. Hulle was net by die graf toe die aarde skielik begin bewe. Verskrik kyk hulle op en sien ’n engel van die Here uit die hemel na hulle toe kom. Hy rol toe die groot klip voor die graf weg en gaan sit daarop.

Toe die wagte hom sien, het hulle hulle byna doodgeskrik. Soos iemand wat flou word, slaan hulle neer, veral toe hulle die engel se gesig sien. Dit het gelyk of daar weerligstrale uitkom, so het dit gestraal. Sy klere was skitterend blink.

Die engel praat toe met die vroue: “Moenie vir my bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus, die Een wat hulle gekruisig het. Hy is nie meer hier nie. Hy het mos self gesê Hy gaan opgewek word. Presies dit het gebeur! Maar staan nader; kom kyk self na die plek waar Hy gelê het. As julle klaar gekyk het, maak so gou as wat julle kan en gaan vertel vir sy dissipels dat Hy uit die dood opgewek is. Sê vir hulle Hy is op pad Galilea toe. Julle almal moet Hom daar gaan kry. Dit is my boodskap aan julle.”

Die vroue het nie op hulle laat wag nie. Hulle hardloop toe so vinnig as wat hulle kon huis toe om vir die dissipels te gaan vertel. Van skrik het hulle bene nog maar gebewe, maar hulle harte het van pure blydskap vinnig geklop. Terwyl hulle afsit huis toe, kom hulle skielik vir Jesus self teë. Daar het Hy gestaan.

“Goeiemôre!” het Hy gesê. Die vroue was totaal uit die veld geslaan. Hulle het voor Jesus neergeval en sy voete vasgegryp. Woorde van aanbidding het oor hulle lippe gestroom.
Jesus sê vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers dat Ek hulle in Galilea sal kry.”

**Vraag**: Hoe dink jy sou jy gevoel het as jy geweet het Jesus is dood, en hier staan Hy skielik voor jou? Wat beteken dit vir my en jou dat Jesus opgestaan het uit die dood?

## NAGMAAL

Begelei jou kinders deur die skoonmaak proses om die nagmaal te gebruik. Gebruik dan die nagmaal saam as gesin.

Volg die skakel hieronder as jy hulp hiermee nodig het.

https://algoagemeenskapskerk.com/category/nagmaal/

Die teksdele is geneem uit: https://www.bible.com/af/bible/50/MAT.28.DB